

Verhoog bevrydend, sê Van Huyssteen

Mariana Malan

FANIE is nie meer nie en Al se pêle is ook nie meer saam met hom nie. Dit het hom egter nie in sak en as laat sit nie.

Alastair van Huyssteen het 'n nuwe vertoning op die KKNK, en 'n boek wat hy geskryf het, het reeds die aandag van Oprah getrek.

Met sy tipiese aweregse humor vertel dié prokureur dat hy tans 'n “idle pop” is en dat hy baie in sy skik is dat daar 'n resensie van sy boek, *The Giant Puzzle* in *The Oprah Magazine*, South Africa is.

“Ek is nie seker of *O Magazine* in Afrikaans as die ‘ou’ magazine vertaal word nie,” sê hy in 'n e-pos. “En in my geval is ek nie seker of ou op my ouderdom of op moontlike hunk-status betrekking sal hê nie. As ek na my vrou en kinders luister, het dit te make met my ouderdom. Maar hulle is ook soms verkeerd.”

Hy vertel van sy “boekie” wat begin het as 'n artikel vir 'n mediese publikasie en wat gerig is op vertroebelende verhoudings. Nadat die artikel verskyn het, het hy met die aanmoediging van 'n vriend die boek gepubliseer.

Hy kry feitlik daaglik in sy beroep te doen met mense wat wil skei. Hy probeer hulle eerder uit dié stap praat, en die boek se tema is juis daarop gerig om stukke van verhoudings weer soos 'n groot legkaart inmekaar te laat pas. Hy wil egter eerder oor sy eenpersoonproduksie, *Dik-Strik 7*, praat.

Nadat hy as deel van Al en sy Pêle in 1998 die album *My Hond Fanie* gemaak het, het die lus vir die verhoog hom gepak. Hy het ook aan die KKNK verslaaf geraak. Eers was hy saam met die orkes (genoemde pêle) daar vir 'n vertoning; toe het hy in 2001 Neuk gedoen, en verlede jaar saam met *Loit Sôls Stout* van die Aarde.

Vanjaar is hy op sy eie op die verhoog met baie nuwe liedjies, waarvan hy glo net mooi genoeg vir 'n nuwe album het.

Die vertoning is in die vorm van 'n musikale hofspraak waarin hy regter én beskuldigde is en eintlik homself aankla. Dit gaan oor skuld en onskuld, maar moenie glo dit gaan 'n gewroeg wees nie. Daarvoor breek die humor te veel deur.

“Ek hou van hierdie alleen-ding,” sê hy. “Ek ken nie die reëls van die verhoog nie en kan nie voorgeskryf word nie. Nou voel ek 'n enorme persoonlike vryheid as ek op die verhoog is.”

Sy hond Fanie was die ster van die vorige album. Hy is op 12-jarige ouderdom “sag heen”. Hy het 'n nuwe hondjie, ses maande oud en met die naam *Truelove*. Dit kan mos net 'n lekker album vol liefdesliedjies beloop. • *Dik-Strik 7* is van vandag tot Saterdag op die KKNK in die Langenhoven-gimklubhuis te sien.